# 15 Desember 2023 - Lesing 202 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 3

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die betekenis van die genadegawe - Die skenk van krag – 14/6/61

**NO: 7919** Neem steeds My Woord in ontvangs **soos dit vir julle gegee word,** sodat julle dit verder kan deurgee en dit sy bestemming vervul, naamlik deur krag en lig te bring aan die mense wat in duisternis voortgaan en kragteloos is.

Dit is steeds weer nodig dat julle mense op hoogte is van die betekenis en die belangrikheid van die groot genadegawe wat Ek julle toestuur, omdat julle in groot geestelike nood is. Julle denke en strewe is hoofsaaklik vir die wêreld, **maar aan julle God en Skepper dink julle weinig**. En daarom bring julle maar selde die band met My tot stand, waarin net Ek julle krag sou kan oordra vir julle pelgrimstog op aarde.

Julle moenie glo dat die lewenskrag wat tot julle beskikking staan net vir julle gegee is om julle aardse begeertes te vervul nie. **Julle moet geestelike krag daarmee bekom,** wat beteken dat julle die lewenskrag moet gebruik vir **werke van liefde**, **wat julle dan ook verseker geestelike krag sal oplewer**. Want julle het geestelike krag nodig vir julle weg omhoog, vir die rypwording van julle siel. Geestelike krag gaan nie vir julle verlore, wanneer julle die aardse lewe beëindig het en alle lewenskrag verlore gaan nie.

**Om geestelike krag te verwerf is die taak van julle aardse lewe**. En geestelike krag ontvang julle deur:

1) werksaam te wees in liefde,

2) deur innige gebed tot My en

3) deur te luister na My Woord,

wat 'n regstreekse oordrag van krag is en wat weer aan julle slegs My wil bekendmaak, om julle te omvorm tot liefde, waarsonder julle nie salig sal kan word nie.

Glo dat julle op aarde net daarna moet streef om julle geestelike krag te vergroot. En glo dat Ek julle hierdie krag wil toevoer en julle daarom toespreek. En wanneer My Woord van bo vir julle weerklink, dan is dit **waarlik 'n genadegawe met ‘n ongewone uitwerking**. Want dit skenk julle dit wat julle kortkom, wat julle egter baie nodig het om ryp te word tydens julle aardse lewe, om die ryk van lig en geluksaligheid binne te kan gaan, wanneer julle jul aardse lewe beëindig het.

My Woord wat Ek vir julle aanbied is alles. Dit is die brood uit die hemel. Dit is die manna wat van die hemel af kom en voedsel vir julle siel is. **Dit is 'n lig wat die duisternis verdryf.**

Dit is die kragbron waaruit julle onophoudelik die **water van die lewe sal kan skep**. Dit is die bewys van My Liefde vir julle mense, by wie Ek teenwoordig kan wees wanneer julle ook vir My julle liefde betuig.

Dit bewys vir julle ook My Wysheid en My Mag, want julle word met kennis bekendgemaak, wat julle 'n **duidelike beeld gee van My wese**. My Woord is die uitstraling van My Goddelike krag van Liefde. En dit kan nooit sonder resultaat bly nie. Sy moet op julleself, op julle siel, 'n uitwerking hê en julle tot volmaaktheid voer.

En daarom wil Ek julle almal aanspreek. **Daarom stuur Ek My Woord na die aarde en gee julle steeds die opdrag om dit deur te gee aan julle medemens**.

Ek maak vir julle steeds weer die belangrikheid verstaanbaar van die uitwerking van die groot genadegawe, sodat julle My sal aanhoor en dus krag in oorvloed ontvang, deur bewustelik gebruik te maak van My genade, deurdat julle die Woord aanhoor en ook ten volle sal ontplooi, **deurdat julle My wil sal vervul wat Ek aan julle deur My Woord verkondig omdat Ek julle liefhet.**

En julle sal moet glo dat julle God en Vader julle Self aanspreek. Want Ek wil My kinders terugwen, wie al ‘n eindelose lang tyd van My verwyder is. Ek wil hulle die terugweg wys en hulle ook die krag oordra om dit te kan gaan.

Ek wil hulle almal weer opneem in My ryk en hulle die geluksaligheid berei wat hulle geniet het in die allereerste begin. Die Vader wil Sy kinders terug hê wat eens vrywillig van Hom weggegaan het. Amein.